

17 JANUARIE

SKRIFGEDEELTE: PSALM 15 (OAV)
FOKUSGEDEELTE: PSALM 15:1 (OAV)

Deur Jesus Christus 'n gas in die Here se teenwoordigheid

Die Here beveel Moses om die tabernakel op te rig. Die tabernakel was 'n teken dat die Here onder sy volk woon. Later word die tempel deur Salomo op Sionsberg gebou as woonplek vir die Here. Vir die gewone Israeliet was daar egter nie vrye toegang tot die tabernakel en die tempel nie. Slegs die hoëpriester kon in die Allerheiligste kom en die priester wat diens verrig het, in die Heilige deel. Die gewone Israeliet kon in die voorhof sy offers bring. Die voorhangsel in die tabernakel en tempel het 'n duidelike skeiding tussen die Here en die mens aangedui.

So vra die psalmdigter dan huiwerend (vs. 1): "Here, wie mag vertoef in u tent? Wie mag woon op u heilige berg?" Die woord *vertoef* het die betekenis om as 'n gas of 'n vreemdeling in die teenwoordigheid van die Here te wees sonder dat jy enige reg of aanspraak daartoe het. Om in die teenwoordigheid van die Here te vertoef, is 'n saak van heilige erns en vra opregtheid. Deur jou sonde weet jy dat jy onbekwaam is om in die teenwoordigheid van die Here te kom.

Jesus Christus het verklaar (Joh. 14:6): "Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie." Deur Jesus Christus het ons nou vrye toegang tot ons hemelse Vader. Deur Jesus Christus mag ons elke oomblik van elke dag as gas in die Here se teenwoordigheid vertoef.

Sing: Psalm 84:1

Ds Fenmo Berg (Bothaville)